# Trompsburg Primêre Skool

Hier bou ons uitmuntende karakter - 'n fondament vir 'n soliede toekoms

**Jou Trompie Gids**

# Wat is 'n Trompie?

’n Trompie is ’n kaalvoetkind,
’n kind wat baljaar al waai die wind.
’n Trompie hou van kattekwaad,
maar huiwer nooit om te vra na raad.
’n Trompie leer van omgee,
liefde en om nie moed op te gee.
’n Trompie gebruik elke kans
om op die ritme van die lewe te dans.
’n Trompie is baie spesiaal
en bly altyd lojaal.

# ONS VISIE

Trompsburg Primêre Skool streef daarna om die voorkeur-keuse te wees vir akademiese, kulturele en sportontwikkeling met Christlelike waardes in die streek. Ons vorm waardegedrewe, gebalanseerde en selfstandige leerders wat hul volle potensiaal bereik binne 'n veilige, inklusiewe en ondersteunende leeromgewing. Ons span van gesogte personeel werk doelgerig saam met ouers, gemeenskappe en die Departement van Onderwys om onderwys van gehalte te verseker – vanaf Luckhoff tot Smithfield, en Bloemfontein tot Colesberg.



# ONS MISSIE

In ons strewe om 'n gebalanseerde onderwysdiens aan ons leerders en gemeenskap te bied, is dit die taak van Trompsburg Primêr, om:

- goed gekwalifiseerde personeel met goeie waardes en norme aan te stel.
- hoë akademiese-, kultuur- en sportstandaarde te handhaaf, d.m.v. deeglik beplande oordrag van kennis, suiwer insigte, gesonde gedragswyses en positiewe lewenswaardes.
- innoverende maniere te vind en te implimenteer om al die teiken gemeenskappe te dien.
- 'n waardegedrewe etos te handhaaf.
- leerders in liefde te dissiplineer.
- emosionele en maatskaplike steun aan personeel, leerders en ouers te bied.
- 'n veilige omgewing van omgee te skep vir leerders personeel en ouers.
- goeie ouerbetrokkenheid uit te bou en te handhaaf.


# ONS SKOOL SE WAARDES

1. Christelike Waardes
2. Eerlikheid
3. Liefde
4. Omgee
5. Respek
6. Vriendelikheid
7. Verantwoordelikheid
8. Lojaliteit



# INHOUDSOPGAWE


1. Kantoor 4
2. Die onderwysers 5
3. Akademiese program 6
4. Skooltye 8
5. Kleredrag 9
6. Buitemuurs 11
7. Gedragskode 15
8. Dissipline 16
9. Kommunikasie 17

# Kantoor

Maandae - Donderdae: 07:30 – 14:00
Vrydae: 7:45 - 13:00

051 713 0150 /
079 869 0274



HENRO VAN DERWESTHUIZEN
SKOOLHOOF



TANIA VAN DER LINDE
SEKRETARESSE

## BANKBESONDERHEDE

Trompsburg Primêre Skool
ABSA Tjek rekening
Rekening Nommer 2730740010
Takkode 632005
Verwysing: (Kind se naam) + (Waarvoor)
**(Maak asseblief seker u gebruik altyd die korrekte verwysing)**

**SKOOLFONDS**

Trompsburg Primêre Skool hef maandelikse skoolfonds oor 10 maande. Die maandelikse skoolfonds word aan die einde van elke jaar hersien en sal met die ouers gekommunikeer word. Indien u voor einde Februarie vooruit betaal kry u korting op u skoolfonds.

# Die Onderwysers


Juf. Kotie
Voorskool Hasies


Juf. Liezel
Graad R


Juf. Heloise
Graad 1


Juf.Antonette
Graad 2


Juf. Natasha
Graad 3


Juf. Anelda
Wiskunde


Juf. Charne
Natuurwetenskappe


Juf. Elaine
Engels


Juf. Leana
Afrikaans


Juf. Dora
SeSotho


Juf. Christine
Remediërende
Onderrig

# Akademiese Program

## Graad 1-3

- Afrikaans
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensvaardighede
- Sesotho Tweede Addisionele Taal

## Graad 4 – 6

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- SeSotho Tweede Addisionele Taal
- Sosiale Wetenskappe
- Natuurwetenskappe en Tegnologie
- Wiskunde
- Lewensvaardigheid

## Graad 7

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Sosiale Wetenskappe
- Natuur Wetenskappe
- Wiskunde
- Tegnologie
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskape
- Kuns en Kultuur

## Remediërende Onderrig

Leerders wat ondersteuning benodig word deur onderwysers geïdentifiseer en ontvang remediërende onderrig. Indien nodig word daar vir hierdie leerders aansoek gedoen vir konsessies tydens assesserings.



# Akademie

## WOW-spel

Deelname aan plaaslike, streeks en provinsiale kompetisies vind plaas.

## ATKV-uitklopspel

Deelname aan die landswye kompetisie.

## Enviro-Quiz

Die graad 6 leerders neem deel aan die kompetisie.

## Mental Maths

Leerders van graad 3 tot 7 neem deel aan plaaslike, streeks en provinsiale kompetisies.

## Spelling Bee

Leerders van graad 3 tot 7 neem deel aan plaaslike-, streeks- en provinsiale kompetisies deel.

# Skooltye

### Graad 1 – 3
Maandag : 07:30 – 12:45
Dinsdag – Donderdag: 07:20 – 12:45
Vrydag: 07:20 – 12:30

### Graad 4 – 7
Maandag : 07:30 – 13:30
Dinsdag – Donderdag: 07:20 – 13:30
Vrydag: 07:20 – 13:00

Ons verwag van ouers om toe te sien dat hul kinders betyds by die skool aanmeld en ook betyds gehaal word.

### Riglyne:
1. Sorg dat u kind 10 – 15 minute voor aanvang van skool op die terrein is.
2. Leerders moet verdaag sodra die skooldag verby is of ander buitemuurse aktiwiteite afgehandel is.
3. Maak gebruik van betroubare saamry geleenthede om te verseker u kind is betyds vir skool.

# Kleredrag

## Skooldrag

**Somersdrag:**

- Seuns: Grys skoolhemp, grys kortbroek, lang grys kouse, swart skoolskoene/kaalvoet.
- Meisies: Skoolrok, wit sokkies, swart skoolskoene/kaalvoet.

**Wintersdrag:**

- Seuns: Grys langmouhemp, grys langbroek, skooltrui of baadjie, lang grys sokkies, swart skoolskoene (GEEN MAROEN "WINDBREAKERS" TOEGELAAT NIE)
- Meisies: Wit langmouskoolhemp, maroen langbroek, skooltrui of baadjie, wit sokkies en swart skoolskoene (GEEN MAROEN "WINDBREAKERS" TOEGELAAT NIE)

## Sportdrag

**Atletiek:** Skoolsporthemp en -broekie, wit sokkies en tekkies.

**Swem:** Swart swembroek en skool-swempet.

**Rugby:** Skoolsporthemp (truie word met elke wedstryd uitgedeel) met swart PT-broek.

**Netbal:** 0/7, 0/8 en 0/13 skoolnetbalrokkie word vir hulle geleen. Die res van die spanne speel met hulle skoolsporthempie en maroen skorts.

**Hokkie:**

Seuns: Skoolsporthempie en maroen sportbroek, hokkiekouse, "shinpads" en tekkies.

Meisies: 0/7, 0/8 en 0/13 skoolnetbalrokkie word aan hulle geleen. Die res van die spanne speel met hulle skoolsporthempie en maroen skorts. Almal met hokkiekouse, "shinpads" en tekkies.

**Tennis:**

Seuns: Skoolsporthemp en maroen sportbroek.

Meisies: Skoolrokkie word vir hulle geleen.

Landloop: Skoolsporthempie en maroen sportbroek.



# Netheid en voorkoms

- Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.
- Geen juweliersware behalwe horlosies en stud-oorbelle of 1cm ringetjies vir meisies word toegelaat.
- Hare moet netjies en volgens die skoolbeleid wees. Slegs swart, maroen of wit rekkies en "alicebands" word toegelaat.
- Naels moet kort en skoon wees. Geen naelpolitoer word toegelaat nie.
- Daar word van leerders verwag om te alle tye netjies geklee te wees.
- Indien sibbe ondersteuners is, moet hulle ook hulle skool of sportdrag aanhê.
- Maak asseblief seker u kind se klere is duidelik gemerk.

# Klerewinkel

Alle sportklere en sweetpakke is by die kantoor te koop.
(PRYSLYS KAN BY KANTOOR AANGEVRA WORD)

Seuns se skoolklere kan by PEP, Woolworths, ens aangekoop word.

Meisies se rokkies en maroen langbroeke is te koop by TUNIKA in Bloemfontein.


# Buitemuurs

Trompsburg Primêre Skool bied ‘n sterk sportkultuur wat leerders motiveer om hul volle potensiaal te bereik. Ons motiveer goeie sportmanskap en spanwerk by die kinders. Hulle sosiale vaardighede ontwikkel op ‘n ander manier en dit bou selfvertroue.

Kultuur en akademiese aktiwiteite speel ‘n onmisbare rol in ons leerders se ontwikkeling. Deur deelname aan musiek, dans, konsert, debatte, redenaars, Mental Maths-kompetisies en verskeie spelkompetisies leer die kinders selfdissipline, deursettingsvermoë en samewerking.

Dit bevorder empatie, selfvertroue en die vermoë om voor ‘n gehoor op te tree. Kultuur en akademiese aktiwiteite soos hierdie bou karakter deur leerders bloot te stel aan kreatiewe denke en respek vir ander se talente.

Leerders kan van skoolvervoer gebruik maak na verskillende buitemuurse aktiwiteite buite Trompsburg teen ‘n betaalde tarief.



# Sport

### Atletiek

Ons leerders neem deel vanaf plaaslike vlak tot by SA-kampioenskappe. Leerders neem in die vierde kwartaal deel aan 'n Kleure-atletiek Byeenkoms by die skool. Hier word dan leerders geidentifiseer wat in die eerste kwartaal voortgaan met afrigting en deelname aan die streeksbyeenkoms in Bloemfontein. Afrigting fokus op tegniek, fiksheid en sportmanskap.

### Swem

Die skool bied skoolswem aan wat hoofsaaklik fokus op waterveiligheid en neem ook deel aan verskeie gala's. Daar is privaat swemafrigting beskikbaar wat fokus op vaardigheidsontwikkeling.

### Rugby

Vroeg in die eerste kwartaal spring ons weg met rugby-oefening ter voorbereiding vir die seisoen in die tweede kwartaal. Ons het toegewyde ouers wat die seuns met entoesiame afrig. Fokus is op vaardighede en dissipline. Ons het O/7, O/9, O/11 en O/13 spanne. Spanne neem deel aan verskeie sportdae en aan die stadsliga. Die o.11 en 13 seuns neem deel aan Vrystaat Platteland Proewe om te kwalifiseer vir verdere deelname.

### Netbal

Doelgerigte afrigters wat 'n passie vir die sport het span saam om die meisies 'n liefde vir die sport te leer. Reeds in die eerste kwartaal begin ons met voorbereiding vir die netbalseisoen in die tweede kwartaal. Elke ouderdomsgroep het 'n span, sommiges twee spanne.  Spanne neem deel aan verskeie sportdae , die Xhariep liga, asook die B-liga in die stad en neem deel aan provisiale proewe.







# Sport

**Hokkie**
In die derde kwartaal geniet al die leerders en ouderdomsgroepe deelname aan drie hokkie toernooie in Bloemfontein. Dit is 'n kort seisoen, maar die leerders se vaardighede word goed ontwikkel.

**Tennis**
Ons leerders begin reeds in die Grondslagfase met tennisafrigting. Die o.11 en o.13 spanne neem deel aan die stadsliga en vaar uitstekend. Privaat tennis afrigting is ook beskikbaar. Leerders neem ook deel aan provisiale proewe.

**Landloop & Tweekamp**
Leerders neem deel aan stadsligas om te kwalifiseer vir provinsiale spanne.

**Ander Buite-kurrikulêre sportsoorte**
Sportsoorte wat buite die skool beoefen word, word met trots deur die skool erken en beloon.







# Kultuur

**Redenaars en Debat**
Leerders kry kwartaalikse geleenthede, wat selfvertroue bevorder en redenaarsvaardighede ontwikkel.

**Jaarlikse konsert**
Die hele skool neem deel aan 'n kreatiewe verhoogproduksie wat musiek, drama en dans insluit.

**Kunswedstryd**
Dit is 'n groot hoogtepunt waaraan elke leerder deelneem. Daar is musiek, drama, kuns en voordrag items by die kunswedstryd.

**Musieklesse**
Privaat viool-, ukulele-, sang- en kitaarlesse is beskikbaar.

**Dansklasse**
Privaat opleiding in verskeie style, bevorder ritme en koordinasie.



# Gedragskode

By Trompsburg Primêre Skool glo ons dat goeie gedrag, respek en selfdissipline die fondament vorm vir suksesvolle leer en positiewe verhoudings. Ons gedragskode is daarop gemik om 'n veilige, ordelike en vriendelike leeromgewing vir almal te verseker.

## REëLS VIR LEERDERS IN 'n NEUTEDOP

- Toon respek teenoor personeel, medeleerders, besoekers en die skool se eiendom.
- Geen afknouery, teistering, diskriminasie of enige vorm van onsedelike gedrag word geduld nie.
- Vermy die gebruik van krutaal, aanstootlike gebare of enige optrede wat ander se waardigheid aantas.
- Geen verbode middels, alkohol of rook op die skoolterrein of by skoolaktiwiteite word toegelaat nie.
- Handhaaf netheid in alle areas – geen rommelstrooiery of beskadiging van fasiliteite of eiendom nie.
- Stilte, fokus en aktiewe deelname word tydens klastyd verwag.
- Elektroniese toestelle mag slegs gebruik word met die uitdruklike toestemming van 'n onderwyser.

## REëLS VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS

Ons waardeer die betrokkenheid en ondersteuning van ouers en gemeenskapslede, veral tydens sport- en kultuurgeleenthede. Ons vra dat alle ouers en ondersteuners:

- As rolmodelle optree deur respek teenoor skeidsregters, afrigters, spelers en ander ondersteuners te toon.
- Positiewe aanmoediging gee, ongeag die wedstryd uitslae.
- Nie inmeng met afrigters se besluite of spelers se posisies nie.
- Kritiek of bekommernisse op 'n professionele wyse met die afrigter of skool bespreek – nooit langs die veld of langs braaivleisvure nie.
- Goeie sportmangees toon as verteenwoordigers van Trompsburg Primêr.
- Die regte kanale sal volg indien u klagtes of probleme ondervind met onderwysers of klasmaats van u kind.

# DISSIPLINE

Ons doel met dissipline is altyd om positiewe gedrag te vestig, selfdissipline aan te moedig en karakter te bou - nie om te straf nie, maar om te leer.

Ons hanteer oortreders deur ‘n stelsel van waarskuwings, gesprekke, ouerbetrokkenheid en, indien nodig, verdere dissiplinêre maatreëls soos bepaal deur die skool se dissiplinêrebeleid .

Elke geval word regverdig en konsekwent hanteer.
Wanneer leerders, ouers en personeel saamwerk, kweek ons ‘n kultuur van respek, samehorigheid en uitnemendheid – binne en buite die klaskamer.

# Kommunikasie

Die skool gebruik WhatsApp-nuusbriewe en WhatsApp-groepe om belangrike inligting en kennisgewings met ouers te deel.

Ons verwag dat alle kommunikasie op hierdie platforms met respek, professioneel en konstruktief sal wees. Dit help om 'n positiewe en samewerkende verhouding tussen ouers, onderwysers en die skoolgemeenskap te handhaaf.

**Kommunikasietye: Maandae tot Vrydae, 13:00-18:00**.
Buite hierdie tye sal boodskappe en navrae die volgende werksdag hanteer word, behalwe in noodgevalle.

Ons verwelkom graag enige navrae of besoeke aan Trompsburg Primêre Skool.
Ouers, voogde en belangstellendes is altyd welkom om met ons in verbinding te tree vir meer inligting oor ons akademiese programme, sport- en kultuuraktiwiteite, of enige ander aangeleentheid rakende ons skool.

Ons streef daarna om oop, vriendelik en professioneel te kommunikeer en help graag met enige vrae of versoeke.

## KONTAKBESONDERHEDE


**079 869 0274**

**admin@trompieprim.co.za**

**@trompsburgprimereskool**

# Skoollied

Hoog bo ons ou dorpie
pryk dierbaar ons skool.
Getrou aan sy doel
as verhewe simbool.
Ons huldig sy waarde
en vind daar genot.
En ons werk tot die eer
van ons volk en ons God.
Want die Heer gee Sy seën
en skik hier ons lot.
Want die Heer gee Sy seën
en skik hier ons lot.